## VAN STAMVERWANTE BODEM

In Nederland is, onder voorsitterskap van Prinses Beatrix, 'n komitee in die lewe geroep om die *vrywording van Nederland in* 1813 op passende wyse te herdenk. Hierdie herdenking, wat van April 1963 tot Maart 1964 sal duur, staan in die lig van besinning oor die verlede en 'n vooruitsien in die toekoms ten opsigte van die plek en die taak van die koninkryk van die Nederlande. Aan 'n nasionale feesdag word nie gedink nie. Publikasies in verband met die herdenking kan verwag word.

Aan die vrywording van Nederland in 1813 sal altyd die naam van die eerste koning van die toenmalige Nederlande (Nederland en die hedendaagse België), *Willem I*, verbind bly. In 1837 is hierdie vors se gade oorlede en in Julie 1839 het die koning een van die hofdames, die gravin Henriëtte d'Oultremont, ten huwelik gevra. Sowel van die kant van sy familie as van die bevolking van Nederland het hierdie verwikkeling kritiek uitgelok en op 7-10-1840 het die koning afgetree om op 17-2-1841 in Berlyn met die gravin in die huwelik te tree. Besonderhede oor hierdie jare is onlangs in 'n brandkas in die kasteel te Duras (België) en tydens restourasiewerksaamhede aan die kasteel te Neuwied (Duitsland) aangetref. Hierdie gegewens is tans deur die goewerneur van die Belgiese provinsie Limburg, L. Roppe, in boekvorm verwerk. Die titel van hierdie publikasie is *Een omstreden huwelijk.* Soos bekend is die oud-koning in 1843 en sy tweede gade, wat o.m. die titel van gravin van Nassau gevoer het, in 1864 oorlede. Haar stoflike oorskot rus in die grafkapel van die kasteel Wegimont in die Belgiese provinsie Luik.

Onder die titel *Oranje en Amsterdam* is in die maandblad *Ons Amsterdam* (Jan. 1963) in woord en beeld 'n aantal herinneringe van die bande tussen wyle Prinses Wilhelmina van die Nederlande en die Nederlandse hoofstad verwerk. Dit is bekend dat Koningin Wilhelmina op 25-2-1946 die spreuk *Heldhaftig, Vastberaden, Barmhartig* aan die Amsterdamse stadswapen toegevoeg het. Op 28-11-1962 het die Amsterdamse burgemeester tydens 'n herdenkingsplegtigheid verklaar, dat hierdie devies ook op die oorlede oud-vorstin van toepassing was. Burgemeester Van Hall het in dié verband o.m. gesê: *Ik breng slechts in herinnering Haar moedige daad als 20-jarige in* 1900 *om President Kruger op de H.M. Gelderland naar Europa te doen brengen, Haar vastberaden houding in de jaren vóór en in de eerste wereldoorlog, Haar groot medeleven, dat Zij zo daadwerklijk betoonde bij de vele malen, dat plaatsen of mensen in ons land door rampen werden getroffen . . .*

Onlangs het weer 'n deel van die publikasie *Bescheiden betreffende de buitenlandse politiek van Nederland* (1848-1919) in Nederland verskyn en bygevolg kom die dag geleidelik nader waarop, van amptelike Nederlandse kant altans, die optrede van die Nederlandse regering en Koningin Wilhelmina met betrekking tot die aanbied van die *Gelderland* aan Staatspresident Kruger volledig bestudeer en beoordeel kan word.


Die voorneme bestaan om in Oktober en November vanjaar in Delft 'n tentoonstelling te hou betreffende die geskiedenis van die Hugenote in Nederland, ten tye waarvan nadruk gelê sal word op die betekenis van die Hugenote vir Nederland en die wyse waarop die toenmalige Nederlandse bevolking hierdie vlugtelinge ontvang en gesteun het.

'n Lesenswaardige bydrae oor kant, het in die *Bulletin Museum Boymans-Van Beuningen* (deel XIII, nr. 2) van die hand van L. W. van der Meulen-Nulle verskyn, terwyl in die nommer wat daaraan voorafgaan, die inhoud van 'n aantal sketsboeke van die skilder *Isaac Israels* bespreek is (deel XIII, nr. I). Laasgenoemde bydrae is van illustrasies voorsien.

In die reeks *Facetten der verzameling* (2de serie, nr. 1) van die *Amsterdamse Ryksmuseum,* het die aantreklike publikasie *Rembrandts schilderijen in het Rijksmuseum* verskyn (inleiding in Ned. en Eng. deur E. R. Meijer). Die leser word veral getref deur die voortreflike kunsfotografie sowel waar dit skilderye as onderdele daarvan betref. Vir hoërskoolleerlinge en studente kan hierdie uitmuntende en insiggewende werkie sterk aanbeveel word. Hierdie opmerking geld ook vir die Nederlandse vertaling van M. J. Krueck V. Poturzyn se *Garibaldi, ein Lebensabriss,* wat as nommer 79 van die bekende *Phoenixreeks* (W. de Haan, Standaard Boekhandel, Zeist-Antwerpen, 1962), onder die titel *Garibaldi,* verskyn het. Die skryfster wat in 1896 in Tirool gebore is en o.m. studies oor keiser Josef II en keiserin Maria Theresia geskryf het, het in glasheldere taal die afwisselende lewensloop van die bevryder-bouer van Italië beskryf. Dit is veral die diep menslike wat ons getref het by die lees van 'n verhaal waaruit die lotsbestemming van die mens maar weer al te duidelik blyk, daardie lotsbestemming waardeur Garibaldi byna teen wil en dank geword het soos die geskiedenis hom leer ken en waardeer het: die boumeester van die Italiaanse eenwording, maar ook die man wat daartoe in staat was om, nadat hy sy taak volbring het, in alle beskeidenheid terug te tree.

Die Tweede Wêreldoorlog word belig in 'n drietal publikasies in die reeks Prismaboeken, te wete nrs. 813-814, *De Tweede Weredloorlog* (dele 1 en 2) deur *J. Levien* en *J. Lord* (Het Spectrum, Utrecht/Antwerpen). Hierdie werkies bevat verwerkings van 'n groot aantal bekende werke soos dié van Burggraaf Alanbrooke, Burggraaf Montgomery, die dagboeke van dr. Goebbels, die werk van Adolf Galland e.a. Die samestellers het veral daarin geslaag om die menslike element tot sy reg te laat kom. 'n Aantal kaarte is aan die teks toegevoeg. In nr. 843 van dieselfde reeks beskryf *kapt. E. H. Brongers De oorlog in mei '40* (152 bl., met kaarte en afb.). 'n Paar gevolgtrekkings van die skr. is die volgende. Ondanks 'n onvoldoende mate van opleiding en dikwels minderwaardige bewapening is meer as eenkeer byna ongelooflike suksesse deur die Nederlanders teen 'n oormag behaal. Ook het die teenstand langer geduur as verwag is. Meer as eenkeer is kritiek uitgespreek, dikwels van geringskattende aard, oor die vyfdaagse stryd van Mei 1940. In dié verband verklaar die skrywer dat hierdie kritiek allereers gerig moet word aan hulle *„die eraan schuldig zijn dat aan onze strijdkrachten de meest noodzakelijke middelen werden onthouden; tot hen die veroorzaaktten dat onze vliegers zich in verouderde toestellen op een overmachtige vijand moesten stortten en onze soldaten praktisch weerloos stonden tegenover aanvallen met duikbommenwerpers en tanks"*. Die skr. verklaar verder: *„Telkens opnieuw schijnt oorlogsleed te moeten leren hoe hoog de prijs is voor verwaarlozing van de weerbaarheid. Voor Nederland was dit aan het einde van de tweede Wereldoorlog het verlies van meer dan 300,000 mensenlevens . . ."* Onder hierdie slagoffers was ook hulle wat om die lewe gekom het tydens die bombardering deur die Britse Lugmag van die voorstad *Bezuidenhout* (Den Haag) op 3-4-1945 deur 56 Britse vliegtuie, waarby in totaal ruim 800 menselewens verlore gegaan en 20,000 mense tydelik sonder onderdak was. Hierdie bombardement was die gevolg van 'n rekenfout van ongeveer 1½ myl in 'n kantoor van die Britse Lugmag. Uitvoerig is hierdie voorval in *'s Gravenhage* (jg. 18, nr. 5, Mei 1963) beskryf.

J. Ploeger.



# Staal vir Vooruitgang!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word verreweg die grootste deel van alle staalbenodigdhede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van meer as 2,350,000 gietblokton per jaar produseer . . . en dié syfer styg nog steeds!

Ten einde tred te hou met die toenemende vraag na staal, het die Korporasie 'n nuwe uitbreidingskema aangepak wat ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë binne tien jaar sal verhoog tot sowat 4,500,000 gietblokton.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal. Daarbenewens is die gehalte van YSKOR-staal van die beste ter wêreld.

**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

HOOFKANTOOR: POSBUS 450 PRETORIA

# *Uit ons Geskiedenis is 'n Nasie gebore!*

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,

hy dien

## DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Diens in die Poskantoor as poskantoorklerk of tegnikus, is diens aan u land.

**U word verseker van**

- ★ 'N GOEIE SALARIS
- ★ RUIM VERLOFVOORREGTE
- ★ 'N GOEIE OPLEIDING
- ★ 'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING
- ★ SPOORWEGKONSESSIES
- ★ 'N MEDIESE SKEMA
- ★ 'N BEHUISINGSLENING

**U plaaslike Posmeester sal nadere besonderhede verstrek.**